

Gereformeerde Kerk Bellville – 19 Augustus 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 119:61, 63 (p. 598)

- 61 Mag my klag maar tot U nader, / mag dit opklim deur die lug!
Maak my, na u woord, verstandig, / red my as ek tot U sug!
Van my lippe stroom die sange, / want U maak my waarlik wys:
al u wette is regverdig, / daarom sal my tong dit prys.
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteled,
en in al sy teënhede, / u gebooië nie vergeet.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 98:1, 3 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;
sy regterhand, vol sterkte^{en} ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale^{en} oor berg en veld.
- 3 Laat by die psalm, in vreug gebore, / jul harp en stem Hom loof en dank;
laat opklink deur jul tempelkore / trompette en basuingeklanke!
Laat vreug die HEER se huis deurbewe, / want groot is Isr'els Vors en HEER;
die see en alles wat daar lewe, / die ganse wêreld moet Hom eer!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 61:1, 6 (p. 298)

- 1 Neig, o God, tot my die ore! / Ver verlore, / ver van hulp en heil vandaan,
as my hart in my geen krag het, / al versmag het, / roep ek U as helper aan.
- 6 Send, o HEER, tot sy beskerming / u ontferming / en getrouheid as 'n wag.
Dan, dan loof ek, en dan sing ek, / en dan bring ek / U my offers dag ná dag.

Gebed

Skrifberyming 11-1:1, 2, 10, 11 (Sb 22)

- 1 Troos, troos my volk, sê God die HERE; / dreig nou nie meer met oordeelstem,
genees die wond, o sienerherder, / die hartseer van Jerusalem.
- 2 Vertel haar dat haar stryd verby is, / haar skuld vereffen is geheel,
dat sy ontvang het uit my hande / vir al haar sonde^{en} dubbel deel.
- 10 Meld die verwoeste dogter-stede: / Hier is jul God! Die sterke^{en} is Hy!
Al voor Hom uit gaan sy beloning, / sy hoë arm voer heerskappy.
- 11 Hy lei sy kudde soos 'n herder, / die lammers sluimer in sy arm,
die lammerooie dryf Hy saggies – / oor almal sal Hy Hom erbarm!

Skriflesing: Lukas 15:1-10

Kernverse: Lukas 15:6, 9

En as hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: Wees saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was.

En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het. (Lukas 15:6, 9 AFR53)

Tema: Oor elke sondaar wat Hy vind, verheug God Hom

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens iets verloor het of verlé het, kan dit nogal 'n mens se dag omkrap. En as dit iets is wat jy nou dadelik nodig het, kan dit jou dag behoorlik omkrap. Jy loop op jou spoor terug sover jy kan onthou dat jy dit nog gehad of gesien het. Alles word gelos, want jy moet nou eers daardie ding kry wat jy soek.

Om 'n ding te soek soos jou sleutels of 'n boek wat jy nodig het, is nog een ding. Maar as daar iets waardevols weggeraak soos jou kind is dit iets heeltemal anders. Jy kan nie tot rus kom voordat jy jou kind weer gekry het nie. 'n Kind wat wegraak, is verseker die slegste ding wat 'n mens kan oorkom. Jou wêreld gaan staan letterlik stil. En elke minuut wat die kind weg is, voel soos 'n ewigheid.

Lukas 15, en veral die gelykenis van die verlore seun, is een van die bekendste gedeeltes in die Bybel. In drie gelykenisse vertel Jesus hoe 'n skaap, 'n geldstuk en 'n seun verlore geraak het en weer gevind is. Dit was die optrede van die Fariseërs en skrifgeleerdes wat aanleiding daartoe gegee het dat Jesus hierdie gelykenisse vertel het. Die tollenaars en sondaars het graag na Jesus toe gekom en na Hom geluister. Wat hierdie godsdienstige leiers veral teen die bors gestuit het, was die feit dat Jesus die tollenaars en sondaars ontvang het en selfs saam met hulle geëet het.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het die mensdom in twee groepe verdeel. Aan die een kant was daar die onrein mense. Dit was mense soos die heidene, tollenaars en sondaars. Aan die ander kant was daar die regverdiges. Dit was mense soos hierdie godsdienstige leiers en die Jode wat getrou bly aan die wet soos wat die skrifgeleerdes hulle geleer het. Die Fariseërs en skrifgeleerdes het sover moontlik weggebly van die mense wat in hulle oë onrein was. Party van die rabbi's in dié tyd was so ernstig daarvoor dat hulle selfs nie eers bereid was om die Woord van die Here aan die onreines te verkondig nie.

Vir die Fariseërs en skrifgeleerdes het Jesus alle beskaafde grense oorskry. Hy verkondig nie net die Woord van God aan onrein mense nie. Hy het selfs saam met hulle geëet. Jesus het egter by geleentheid sy werk op aarde duidelik gemaak. Hy het gesê dat die Seun van die mens na die wêreld gekom het om te soek en te red wat verlore is (Luk 19:10). Jesus sê Hy het verlore mense kom soek omdat Hy hulle wil red.

Broers, susters en kinders, ons gaan vanoggend by hierdie eerste twee gelykenisse stilstaan. In hierdie gelykenisse gaan ons hoor wie is die mense wat verlore is, hoe die Here soek na hierdie mense wat verlore is en wat Hy doen wanneer hierdie verlore mense gevind is.

In die Bybel word van die ongelowiges nooit gepraat as die mense wat nie gered is nie. Die Bybel noem ongelowiges die *verlorenes*. Diere wat verlore is, het 'n hopelose toekoms wat hulle in die gesig staar. Daar is niemand wat hulle kan versorg nie. Hulle word die prooi van enige roofdier. Maar die toekoms vir 'n verlore mens is nog donkerder. Markus skryf dat Jesus in 'n stadium 'n groot menigte mense gesien het en hulle innig jammer gekry het, want hulle was soos skape sonder 'n herder (Mark 6:34).

Die hartseer is dat baie mense wat verlore is, dit nie eers weet nie. Mense wat nog nooit die evangelie van Christus gehoor het nie, sal beslis nie weet dat hulle verlore is nie. Alle mense is verlore voordat hulle Jesus Christus as hulle Verlosser en Here leer ken. Aan die Efesiërs skryf Paulus – toe hulle nog heidene was,

was hulle sonder Christus, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. (Efesiërs 2:12 AFR53)

Jesus vertel van 'n skaap wat verlore geraak het. 'n Skaap wat verlore raak, is uitgelewer. Hy het niks om homself mee te beskerm nie. Vir 'n leeu of 'n wolf is 'n verlore skaap maklike prooi. Ons weet 'n hond wat weggeraak het, sal moontlik nog sy pad kan terugkry huis toe. Vir 'n skaap is dit onmoontlik sy pad terug te kry. Hy hardloop verward rond en blêr. As sy eienaar hom nie eerste gaan kry nie, sal hy met sy geblêr net die aandag van 'n roofdier kry.

Dit is die prentjie van 'n sondaar wat Jesus Christus nie ken nie. Al weet hy nie dat hy verlore is nie, is die bestemming van sy lewe die vuur wat nooit ophou brand nie. Selfs al word hy bewus daarvan dat sy lewe in 'n verkeerde rigting koers het, is daar niks wat hy self daaraan kan doen nie. Jesus sê self dat niemand na Hom toe kan kom as die Vader hom nie na Christus toe trek nie. Sonder Christus is 'n mens hopeloos verlore en die prooi van die vyand tensy God die verlore mens kry. Net Christus is by magte om verlore mens voor die kloue van die duiwel kan red.

Om die verlorenes te red, soek die Here hulle. Wanneer die Here die verlore mense soek, is niks te veel of te moeilik vir Hom nie. Dit is wat Jesus in albei hierdie gelykenisse duidelik. Die herder los die nege en negentig ander skape en gaan die wildernis in en hy soek die een wat verlore is totdat hy hom gekry het. Die vrou het haar hele huis sorgvuldig deur-gesoek totdat sy die muntstuk gekry het wat weggeraak het.

In albei gelykenisse is dit die herder en die vrou wat die soektog begin. Die verlore skaap en muntstuk doen niks om gevind te word nie. Die enigste rede waarom hulle gevind is, is omdat die herder en die vrou begin het met die soektog.

Hiermee maak die Here dit duidelik, soos op baie ander plekke in die Bybel dat dit die Here alleen is wat die verlore mense soek. Die Here neem die inisiatief om verlore mense te soek. Sy liefde en barmhartigheid dring Hom om die verlore mense soek, want Hy het al in die ewigheid 'n besluit oor hulle geneem. Paulus skryf van hierdie besluit:

Nog voordat die wêreld geskep is, het Hy ons in Christus uitverkies ... In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. (Efesiërs 1:4, 5 AFR83)

As die verlossing van mense afhanklik was, sou alle mense nog in die sonde verlore gewees het. Daarom kom die dank die Here toe. Hy het 'n besluit geneem en Hy het die soek-

tog begin. Hy het Christus gestuur om vir mense se sondes te sterf toe hulle vyande van Hom was.

Die herder in die gelykenis het al die tyd geneem wat nodig was om die verlore skaap te soek. Hy het homself aan dieselfde gevare blootgestel as waaraan die skaap blootgestel was. Hy kon nie gaan sit en rus of waag om aan die slaap te raak nie, want hoe langer die skaap weg is hoe groter is die moontlikheid dat hy hom nie lewendig gaan kry nie. In die geval van die vrou wat die muntstuk gesoek het – sy het alles laat staan, selfs belangrike werk wat daagliks gedoen moet word, sodat sy al haar aandag aan die soektog kon gee.

Toe God die soektog na die verlore sondaars uitgevoer het, was die koste baie hoër as wat hierdie herder of vrou gehad het. God het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer vir almal wat gered moet word (Rom 8:32). Jesus het nie sy heerlikheid as Seun van God vasgeklem nie. Hy het alles gelos, van sy troon afgekrom en Homself verneder om na hierdie wêreld te kom. Hy het nie as Koning in die wêreld gekom nie, maar as Dienskneg om sy lewe as losprys te gee vir verlore sondaars. Hy het al die vernedering en gespot van hardnekkige sondaars verdra – sondaars wat Hy met die asem van sy mond kon verdag het – sodat Hy vir elkeen wat sy Vader aan Hom gegee het die prys kon betaal.

Nie die herder of die vrou het opgegee in hulle soektogte nie. Hulle het aanhoudend gesoek totdat hulle gekry het wat verlore geraak het. In sy gebed wat in Johannes 17 opgeteken is, hoor ons dat Jesus sy soektog ook deeglik uitvoer. Aan almal wat die Vader aan Hom gegee het, gee Hy die ewige lewe. Nie een van hulle wat deur die Vader uitverkies is en aan Christus gegee is, sal verlore bly nie.

Trouens, Christus ken elkeen van die mense wat aan Hom behoort. En Hy soek elkeen van hulle totdat Hy hulle gekry. Daar is ook verlore sondaars wat dink dat hulle glad nie verlore is nie. Paulus was so 'n verlore een gewees. Hy wou niks van Jesus Christus weet nie. Maar die Here het hom agtervolg en op die bestemde tyd het Hy hom gekry. Hy was nog vol bravade op pad na Damaskus om Jesus se Naam uit daardie stad uit te roei toe die Here hom voor Damaskus voorgekeer en bekeer het.

Daar is selfs verlore sondaars wat vir ons lyk of hulle op die nippertjie gered word – eers op hulle sterfbed. Die misdadiger wat saam met Jesus Christus gekruisig was, is in daardie laaste oomblikke deur Christus gekry en gered. En dit gebeur nie omdat hierdie verlore sondaars so rats is nie. Nie een van die verlore nes wat aan Christus behoort, sal vir ewig verlore bly nie. Dit is met die redding van daardie verlore nes op hulle sterfbed wat die Here vir ons wys hoe Hy beslis elkeen kry wat aan Hom behoort.

En wanneer die herder daardie skaap wat verlore was vind, haal hy nie sy sweep uit en jaag die skaap verwoed terug na die res van die trop nie. Hy sit die skaap op sy skouers sodat die pote weerskante oor skouers hang. Hy hou die skaap se pote vas en dra hom terug na sy huis toe. Wanneer Jesus 'n verlore mens gevind het wat aan Hom behoort, bring die Heilige Gees so 'n mens tot bekering en hy ontvang die ewige lewe. En hoor nou net watter belofte gee Jesus self:

Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (Johannes 10:28 AFR53)

'n Mens wat deur die Here gesoek, gevind en gered is, sal in ewigheid nooit verlore gaan nie. Dit gebeur nie omdat die gelowige so styf aan die Here vashou nie, maar omdat die

Here hom stewig in sy hand het. En Hy belowe dat niemand daardie kind van Hom uit sy hand sal ruk nie. Die besluit wat die Vader voor die skepping van die wêreld oor dié mens in Jesus se hand gemaak het, kan nooit verander word nie. Daarom het Jesus Christus met sy bloed hierdie mens losgekoop. En die Heilige Gees het hom met die Woord verseker dat Christus ook vir sy sondes aan die kruis betaal het. En om te verseker dat hierdie mens nie weer uit Jesus se hand verlore raak nie, hou die Heilige Gees elke verlore mens met die Woord in die Here se hand.

Oor elkeen van hierdie verlore mense wat gevind is en in wie daar bekering gekom het, is daar uitbundige vreugde by God sowel as by die engele in die hemel. Die Heilige Gees beklemtoon die vreugde en blydschap en stel dit uiters skerp teenoor die gemor en gepruttel van die Fariseërs en skrifgeleerdes. Die godsdienstige leiers is verbitter omdat Jesus sondaars ontvang en saam met hulle eet. Maar in vyf van die sewe verse waarin die gelykenisse vertel word, word gepraat van die blydschap omdat daardie verlore skaap en munt gevind is.

Selfs die heilige engele wat nie weet wat dit beteken om verlos te word en nie verlossing nodig het nie (1 Pet 1:12), is saam met God bly oor elke bekeerling. Hulle is bly omdat God Homself nog 'n maal verheerlik het. Hy het nog een van sy verlore mense gekry en gered uit die greep van die duiwel. En nou is hy ewig veilig in die hande van die Here. Niemand kan die Here keer as Hy besluit het om verlore mense te soek en te red nie.

Miskien dink jy nou by jouself: Die Here het my al lank teruggevind en gered en daarvoor is ek dankbaar, maar wat het hierdie gelykenisse met my te doen? Broer, suster en kind, indien jy een van die geseëndes is om reeds gered te wees en in Jesus Christus te glo, is ons almal saam met jou bly. Die Here het jou gevind en jy is veilig in sy hande. Maar tog is hierdie twee gelykenisse op twee maniere op elke gelowige van toepassing.

Eerstens, die Here gee aan ons die versekering dat niemand ooit 'n verlore mens uit sy hand sal ruk nie. Maar elke verlore mens is ook nog nie volmaak nie. Elkeen wat reeds deur Jesus verlos is, weet self hoe naby hy nou aan die Here lewe. Hy sal ook weet of hy al weer en hoe ver hy op 'n pad van verdwaal geraak het. Omdat ons steeds geneig is tot alle kwaad gebeur dit dat ons in ons verhouding met die Here versteen het of selfs aan die veragter is.

Met hierdie gelykenisse verseker die Heilige Gees jou dat die Here nooit met sy skape opgee nie. Hy soek keer op keer na daardie een wat afgedwaal en verdwaal geraak het. Hy wil sy skape by Hom hê. Die Heilige Gees sal jou met elke middel tot sy beskikking terugbring na sy kraal toe, want die Here sal nie toelaat dat hulle vir wie Hy gesterf het weer verlore raak nie. Indien die Here jou vanoggend gevind het waar jy verdwaal het, luister wanneer Hy jou terugroep en bekeer jou.

Tweedens spoor die Heilige Gees elke verlore wat nou veilig in die hand van die Here is aan om op dieselfde wyse ywerig te wees om verlore mense te soek en te vind. Bid dat die Here aan jou die vrymoedigheid sal gee om die verlore mens te soek. Dit is immers deur middel van gelowiges soos jy wat die Here sy evangelie bring aan wie Hy wil en wanneer Hy wil. Spreek met vrymoedigheid van die genade van Christus, want met die verkondiging van die evangelie bring die Heilige Gees die redding van Christus vir die verlore mens wat aan die Here behoort. Bid dat die Here jou by die verlore mense bring wat aan Hom behoort.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 71:13, 14 (p. 356)

- 13 U het my baie teëspoede / laat sien; maar U sal my / weer van die dood bevry,
my ophaal uit die watervloede. / My grootheid – maak dit meer, / En troos U my, o HEER!
- 14 Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou / waarin 'k u lof ontvou,
o Heilige by Isr'els skare! / Ek roep, tot vreug herbore: / “Verlos, en nie verlore!”

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 40:4 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte seek.
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Augustus 2018